

Toetrede

Liturgie van die Lig

Laas nag het ek gedroom. . .

Laas nag het ek gedroom. . .
Dit was `n pragtige droom
van `n heilige stad, ongelooflik mooi, goed en regverdig.
Daar was `n tuin soos `n ware paradys, vol bome en
waterstrome.
Ek het van vrede gedroom, van wêreld-ontwapening,
van vergifnis,
die omhelsing van almal in nood,
`n tyd sônder die dood.

Laas nag het ek gedroom. . .
`n nare nagmerrie van onvergeefde sonde, `n
nagmerrie van landmyne en verminkte kinders,
van armes verstote in ellende,
van honger ontheemdes,
van onbetreure dooies,
`n nagmerrie van woede, rusie, oorloë.

Toe ek wakkerskrik, was U nog God
wat waak oor dag en nag
in oneindigende barmhartigheid.

Ons kom na U
met ons mooiste drome
en ons ergste nagmerries.
Ons vra dat U helende genade ons grootste vrese sal
vernietig,
dat U goedertierenheid
ons nagmerries sal verdryf
en ons mooiste drome waar sal maak.

Dankie dat U weer nuutheid bring
oor alles wat oud en dood is in ons.

Wees met ons,
lei ons na U vrede en vertroosting.

Amen.

*Walter Brueggemann
Afrikaanse verwerking: Marie de Kock*

Woorddiens

Lesing 1: Genesis 45:1-28 (1953)

¹ TOE kom Josef hom nie langer bedwing voor almal wat
by hom gestaan het nie, en hy roep: Laat almal van my
af weggaan! En daar het niemand by hom gestaan toe
Josef hom aan sy broers bekend gemaak het nie.

² Daarop bars hy in tranes uit, sodat die Egiptenaars en
ook die huis van Farao dit gehoor het.

³ En Josef sê vir sy broers: Ek is Josef! Leef my vader
nog? Maar sy broers kon hom nie antwoord nie, want
hulle was verskrik voor hom.

⁴ Verder sê Josef vir sy broers: Kom tog nader na my.
En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer Josef vir
wie julle na Egipte verkoop het.

⁵ Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen
ontstemming by julle wees dat julle my hierheen
verkoop het nie. Want om lewens te behou, het God my
voor julle uit gestuur.

⁶ Want daar was nou twee jaar hongersnood in die land,
en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal
word nie.

⁷ Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle `n
oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die
lewe te hou tot `n groot verlossing.

⁸ Julle het my dan nou nie hierheen gestuur nie, maar
God; en Hy het my `n raadsman van Farao gemaak en
`n gebieders oor sy hele huis en `n regeerder in die hele
Egipteland.

⁹ Trek gou op na my vader en sê vir hom: So spreek u
seun Josef: God het my `n gebieders oor die hele
Egipteland gemaak. Kom af na my, moenie versuim
nie!

¹⁰ En u kan in die land Gosen woon en naby my wees, u
en u kinders en u kindskinders en u kleinvee en u
beeste en alles wat u besit.

¹¹ En ek sal u daar onderhou, want daar sal nog vyf jaar
hongersnood wees; sodat u nie verarm nie, u en u huis
en alles wat aan u behoort.

¹² En kyk, julle oë sien dit, en die oë van my broer
Benjamin, dat dit my mond is wat met julle spreek.

¹³ Vertel my vader dan van al my heerlikheid in Egipte en
van alles wat julle gesien het, en bring my vader gou
hierheen af.

¹⁴ Toe val hy sy broer Benjamin om die hals en ween; en
ook Benjamin het aan sy hals geweene.

¹⁵ En hy het al sy broers gesoen en aan hulle hals
geweene; en daarna het sy broers met hom gespreek.

¹⁶ Toe die gerug in die huis van Farao gehoor word dat
Josef se broers gekom het, was dit goed in die oë van
Farao en van sy dienaars.

¹⁷ En Farao het met Josef gespreek: Sê aan jou broers:
Doen dit, laai julle diere en trek weg na die land Kanaän.

¹⁸ En gaan haal julle vader en julle huisgesinne en kom
na my toe, dan sal ek julle die beste van Egipteland gee;
en eet die vettigheid van die land.

¹⁹ Jy kry dan bevel — doen dit: Neem vir julle uit
Egipteland waens vir julle kinders en julle vroue, en
vervoer julle vader en kom.

²⁰ En julle hoef geen spyt te hê oor julle huisraad nie,
want die beste van die hele Egipteland is julle s'n.

²¹ Die seuns van Israel het toe so gedoen; en Josef het
vir hulle waens verskaf volgens die bevel van Farao en
hulle padkos gegee vir die reis.

²² Hy het aan hulle almal, man vir man, `n stel nuwe
klere gegee; maar aan Benjamin het hy driehonderd
sikkels silwer en vyf stel nuwe klere gegee.

²³ En net so het hy ook aan sy vader gestuur tien esels,
gelaai met die beste goed van Egipte, en tien eselinne,
gelaai met koring en brood en voedsel vir sy vader op
die reis.

²⁴ Daarop het hy sy broers weggestuur, en hulle het
vertrek; en hy het aan hulle gesê: Moenie vir mekaar
kwaad word op die pad nie.

²⁵ En hulle het opgetrek uit Egipte en in die land Kanaän
aangekom by hulle vader Jakob.

²⁶ Toe hulle hom vertel: Josef lewe nog — en dat hy
regeerder is in die hele Egipteland — het sy hart
beswyk, want hy het hulle nie geglo nie.

²⁷ Maar toe hulle hom al die woorde van Josef te kenne
gee wat hy met hulle gespreek het, en hy die waens
sien wat Josef gestuur het om hom te vervoer, het die
gees van Jakob, hulle vader, lewendig geword.

²⁸ En Israel het gesê: Dit is genoeg! My seun Josef lewe
nog! Ek sal gaan en hom sien voordat ek sterwe.

Broodjies vir die Pad

The saga of Joseph and his brothers continues. Years have passed and Joseph has become a powerful advisor to Pharaoh. He has a virtual blank check in terms of political and economic leadership. Over the years, Joseph has grown emotionally and spiritually. He has learned to go beyond his own self-interest and narcissism. He has let go of the past and opened to new possibilities for relationships with his family of origin. He reaches out to the brothers who once betrayed him, offering them shelter and food in time of famine. (PaF)



No person has an inside track; we are all equidistant from the heart of God. No nation is exceptional or privileged in his eyes. A Bosnian Muslim is no further away from God's love than an American Christian. A Honduran Pentecostal is no closer to God's love than an Oxford atheist. (JwJ)



Politics

How can I, that girl standing there,
My attention fix
On Roman or on Russian
Or on Spanish politics?
Yet here's a travelled man that knows
What he talks about,
And there's a politician
That has read and thought,
And maybe what they say is true
Of war and war's alarms,
But O that I were young again
And held her in my arms!

~ William Butler Yeats (1865–1939)



When we yield to discouragement it is usually because we give too much thought to the past and to the future.

~ Therese of Lisieux

Brood vir die Pad

Skakel in vir 'n episode bloed

deur Wilhelm Jordaan

Daar is klaarblyklik nie 'n einde aan werklikheidsprogramme op TV en die internet nie.

Met afstandbeheer of muis in die hand kan jy van een "werklikheid" na 'n ander flits om in te kyk (oftewel dop te hou of te koekeloer) wat in ander mense se lewens gebeur.

Watter soort samelewing lewer sulke programme op?

Dit het allereers te doen met die verlies aan die betekenis van "werk" en "vrye tyd" wat, volgens opvattinge in die antieke tye, onskeibare dinge was in die hart van homo ludens – die eg spelende mens. Wanneer jy die een doen, doen jy eintlik ook die ander.

Baie kragte, soos ingrypende industrialisering, burokratisering van die werkplek en die markplein se eise, het algaande skeiding tussen werk en speel gebring. Werk het vir baie mense geroetineerd en verbeeldingloos geword; met as hoogste waarde hoeveel jy kan verdien met die minste arbeid.

Te midde van dié vervreemding tussen mens en werk, beleef mense hul bestaan as absurd, bedreigend en sonder persoonlik ervaarde misterie.

Werk het iets geword wat jy móét doen en waarvan jy náuurs móét ontsnap.

Terselfdertyd het spel, ontspanning en stresontlading – as die allerantwoord op dié vervreemding – 'n manipuleerbare verbruikersitem in die hande van die winsmakende vermaakbedryf geword.

So algaande het die mens homo spectator geword wat passief toekyk op die lewe as 'n skouspel. Aan toekyk is daar in beginsel geen einde nie.

Want in die afwesigheid van persoonlike misterie wat jou lewe verryk en van "binne" na "buite" rig, is jy juis afhanklik van dit wat van "buite" na jou toe kom.

En daarom is jy oorgegee aan 'n onstilbare prikkelhonger vir dit wat nuut, anders, vreemd en bisar is en wat, bowenal, jou kan vermaak.

Dit alles bied 'n dwelmpie teen bedruktheid, die genot van intens sintuiglike ervaring en ontsnapping van die harde daaglikse werklikheid.

En daarby kom 'n bietjie kameraderie tussen mense – iets om saam oor te praat; wat die groter stiltes tussen mense kan verdryf (al is dit kortstondig); en wat jou laat voel daar is "'n werklikheid" wat mense aan mekaar bind en jou as't ware laat sê: "Ek is tog deel van die mensdom. Kyk, ons kyk almal."

Die filosoof Walter Benjamin reken ons verloor op dié manier aan egtheid en oorwoë bepeinsing. Die lewe self word soos 'n TV-program wat episodies verloop van een onmiddellik intense ervaring na die volgende. Dít laat die mens sonder historiese bewussyn en sonder toekomspektief – slegs verlangend na die volgende opwindende "episode".

Dié toedrag het geen versadigingspunt nie. Dit is 'n geval van "Feed me!" soos die bloedsuierplant in die komiese fliék Little Shop of Horrors gesing het. Daarom kan verwag word werklikheidsprogramme sal toenemend grotesker, gewaagder en bloedlustiger word.

Miskien is wetenskapfiksie profeties oor wat nog kom – soos die kortverhaal The Survivor dit al in die 1950's beskryf het:

Dit vertel van 'n wêreld wat besef oorlogsgeweld is onbekostigbaar. Lande stuur elk hul beste vegter om in 'n omheinde gebied tot die dood toe te veg totdat net één oorbly.

Die survivor se land kry dan 'n groot som geld van die ander én hy kry die vryheid van elke wêreldstad – met allerverskriklike gevolge. En natuurlik word alles wat in dié "Olimpiese Spele" van geweld gebeur, wêreldwyd gebeeldsend.

Sodat kykers álles kan ervaar, sien en hoor, selfs ruik en proe – elke doodsgeroeggel en sterwensgil, elke druppel bloed en angssweet, elke versnelde hartklop en polsslag, die stadige saamtrek van die vinger op 'n sneller en die klewerige handgreep op die hef van 'n jagtersmes...

Wegsending

Liefdegawes

Gebed

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877